

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 150, Junie 1980

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

GOD se NAAM.

"Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie."

Exodus 20: 7

"o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd."

Psalm 145: 1

Die HERE en sy NAAM.

Daar is nog steeds mense wat dink 'n naam is sommer maar 'n etiket wat buitekant aan iemand geplak word, soos 'n blote handvatsel waarmee jy 'n pot optel.

Wat maak 'n naam nou eintlik saak? Ek kon net sowel 'n ander naam gehad het!

Is dit werklik waar? Jou naam is nie sommer 'n ornament nie. Dit is deel van jou identiteit. As jou naam genoem word, dink die mense aan jou as persoon.

God het ook Name. Sy Name wil iets van Hom sê. Sy Naam is Hyself, soos wat Hy Hom aan ons bekendgemaak het.

God is so groot, so heerlik, so almagtig, so onbegryplik vir menslike logika dat ons in hierdie bedeling nooit alles van Hom sal weet nie. Ons is te klein, te nietig, te swak, te menslik te beperk, te sondig en korrup in hart en verstand om die ewige, heilige en almagtige God volledig te kan ken.

"Ons sien nou deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig."

Ons kan alleen dit van die Here weet wat Hy van Homself aan ons openbaar het. In die Name waarmee die Bybel Hom bekendstel, word iets van Homself, van sy Wese gesê.

DIE BETEKENIS VAN DIE NAME.

Kom ons kyk na enkele Name:

HERE, Hebreeus: *JAHWE*, Grieks: *KURIOS*, wil sê: Hy is die soewereine Beskikker oor alles, en tog intiem by ons. Hierdie Naam vertel van Sy verbond om vir ons 'n God te wees en ons Sy kosbare eiendom te maak.

Here, Hebreeus: *Adonai*, beteken eienaar of besitter, selfs die "baas" van 'n slaaf. Hy is ons Besitter, want Hy het ons gekoop met Sy bloed om ons Sy kinders te maak.

Jesus, Hebreeus: *Josua* of *Hosea* beteken: die Here red. Hy is 'n Redder en Verlosser wat jou red uit die hel en verlos uit die ewige dood.

Christus, Hebreeus: *Messias* is Gesalfde. In die Bybelse tyd is iemand gesalf as teken dat hy deur God die Heilige Gees self toegerus is en in sy amp as profeet of priester of koning gestel word. Jesus is ons hoogste Profeet, omdat Hy die wil van God volkome bekendgemaak het. Hy is ons enigste Priester, omdat Hy die volmaakte offer vir ons sonde gebring het. Hy is ons ewige Koning, omdat Hy deur Sy dood en opstanding die Koningsheerskappy oor die ganse skepping verwerf het en met sy hemelvaart reeds in besit gaan neem het.

HERE van die leërskaare, Hebreeus: *Jahwe Sebaot*, vertel van die legioene van engele en skares van mense en skepsele onder Sy heerskappy. Hy is die alvermoënde God wat alles kan doen, voor wie die nasies van die wêreld is soos 'n druppel in die emmer en 'n stoffie in die weegskaal.

By al dié Name van God word God self aan ons bekendgestel.

Onthou net: Daar is geen ander Naam op aarde aan die mense gegee waardeur ons verlos word nie (Handelinge 4:12). Het jy die Draer van hierdie Naam, Jesus Christus ook omhels

as jou enigste Verlosser en Saligmaker? Dan is jy waarlik gered! Dan het jy reeds die ewige lewe ontvang!

Het jy dit nog nie gedoen nie? Glo jy nie in Hom as jou Verlosser nie? O, wee jou! Dan rus die vloek van die Here van die leërskaer op jou!

Ds. Flip Buys

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie.

EK EN MY NAAM.

Ek en jy is nogal gesteld op ons naam, nie waar nie?
Iemand moet my naam tog net nie deur die modder sleep nie.
Aan my naam moet mense nie sommer allerhande stories koppel nie.
Ons het selfs wetgewing om ons naam te beskerm.

... EN GOD SE NAAM?

Is jy ook so gesteld op die Naam van die Here?
Ruk dit ook in jou hart as mense sy Naam sommer as 'n kragwoord gebruik?
As Sy Naam sommer in die morsige vuil taal en liederlike praatjies oor en oor gebruik word?
As ek my naam selfs deur wetgewing kan laat beskerm, hoeveel te meer nie die Naam van die ewige en almagtige God nie!

Daarom sê die Here in sy Wet: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie" (Exodus 20:7).

WAT BETEKEN "YDELLIK GEBRUIK"?

Letterlik beteken die woord "ydel": leeg, hol, niksseggend of oppervlakkig. Ons kan dus ook sê: Jy mag die Naam van die Here jou God nie leegmaak nie.

Sy Naam *is* nie leeg nie.

En ek moenie probeer om Sy Naam leeg te maak deur die verkeerde gebruik van Sy Naam nie. Dit gebeur as ek sy Naam gedagtelos op my lippe neem. Jy het mos al gehoor hoe 'n mens met elke tweede sin sê: "Here...", of "God..."

En dan kom die persoon later nie eers meers agter dat hy die Naam van die Here gebruik het nie!

Die Naam van die Here is dan net 'n stopwoord.

Of Sy Naam word aangewend as 'n vloekwoord.

Luister volgende keer na mense se gesprekke. ...En luister na jou eie gesprek.

WAAROM IS DIE YDELLIKE GEBRUIK SO VERKEERD?

As jy die Naam van die Here gebruik, dan roep jy Hom aan om *by jou* te wees.

Die Naam van die Here is nie iets apart van Hom nie. As jy Sy Naam gebruik, dan is Hy self daar om te hoor wat jy wil sê.

En dan vind Hy die mens wat Hom aanroep, so dikwels besig met 'n rusie tuis. En Hy word vir sulke dinge geroep! Hy moet kom hoor hoe Sy Naam as vloekwoord, kragwoord of stopwoord gebruik word.

Hoe sou jy voel as iemand aanhoudend na jou roep deur jou naam te gebruik, en jou dan ignoreer as jy daarop antwoord?

Jy sal jou sekerlik vererg!

Hoeveel mense roep God elke dag aan deur Sy Naam in gesprekke te gebruik! En as Hy op die roep van Sy Naam naderkom, dan vind Hy dat mense Hom nie eintlik regtig daar wou hê nie. Hy word geïgnoreer.

Verwag jy dan dat Hy moet antwoord as jy Hom eendag regtig nodig het?

HOE DAN?

Hoe moet ek dan Sy Naam gebruik?

Ek moet sy Naam gebruik:

- met eerbied en ontsag vir Hom;
- met die eerlike begeerte om *werklik* met Hom te praat;
- met die besef dat as ek sy Naam gebruik, dan is Hy self hier by my;
- met die liefde van my hart.

Want dit bly 'n groot wonder en onbegryplike voorreg dat ek, nietige, sterflike mens, die Naam van die almagtige en ewige God op my lippe mag neem.

Ds. A.L. Coetzer.

GOD is nié die

Onbekende X Faktor nie!

Sê my, het jy al vandag God se Naam oor jou lippe laat kom?

"Nee, ek is nie 'n lasteraar nie. Ek gebruik nooit die Here se Naam ydellik nie."

Dis nie eintlik wat ek bedoel het nie. Ek sou graag wou weet of jy al in jou baie gesprekke met ander mense vandag met hulle oor God gepraat het?

"Nee, ek is nie 'n dweper nie. Ek strooi nie skynheilig die Here se Naam rond in my gesprekke net om te kan wys ek is 'n christen nie."

Wanneer neem jy God se Naam op jou lippe?

"Net wanneer dit absoluut noodsaaklik is, feitlik net in my persoonlike gebed. Mens moet onthou dat God se Naam heilig is. Daarom moet jy 'n baie goeie rede hê om Sy Naam in jou gesprekke, wat maar met sonde gelaai is, te noem."

Weet jy, ek dink jy kul jousef. Deur te swyg oor God se Naam, is jy juis besig om God se Naam ydellik te gebruik! Die woordjie beteken: leeg, hol, niksseggend, oppervlakkig.

Jy weet dat God se Woord sê: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie." Ons kan dus ook vertaal: "Jy mag die Naam van die HERE jou God nie leegmaak nie; nie van sy inhoud beroof nie; dit nie niksseggend maak nie."

God het nie Sy Naam van 'n mens ontvang nie. Hy het Sy Naam aan Homself gegee. Hy het dit gedoen ter wille van die mens en met die oog op die mens. God kon oor Sy Naam geswyg het as Hy wou, maar Hy het nie. God gebruik geen skuilnaam nie.

God wil met Sy Naam aan die mens sê wie Hy is en wat Hy doen.

- Hy is die enige en waaragtige God (Joh. 17: 3), Skepper van hemel en aarde (Ps. 124:8). "Ek is die Eerste en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen ander God nie"(Jes. 44:6).
- God het sy Naam volkome bekendgemaak in Jesus Christus (Heb. 1:1).
- Jesus Christus is die enigste Naam waardeur ons gered kan word (Hand. 4:12).
- Deur Sy Naam geskied wonders (Hand. 4:10), ontvang ons vergifnis van sondes (Joh. 1:12), verkry ons die ewige lewe (I Joh. 5:13).

As jy dus swyg oor God se Naam

- handel jy met God se Naam soos Hyself alleen mag handel;
- meen jy om oor God se Naam willekeurig te beskik soos Hy alleen mag;
- gee jy aan God 'n skuilnaam;
- maak jy of God se Naam niksseggend en leeg is;
- ja, jy maak asof God daadloos is en niks vir jou gedoen het nie!

As jy God se Naam nie gebruik nie gee jy daarmee te kenne teenoor die wêreld dat, wat jón betref, God nooit gespreek het nie. Verder toon jy net daarmee aan dat jy God nie werklik ken nie, want iemand wat God waarlik ken, kan nie anders as om God se Naam reg op sy lippe te neem nie, Ek kan selfs vir jou vra: „Is jy ooit 'n kind van God?"

As jy God se Naam net op sekere "private" tye en plekke wil gebruik, maar oor Hom swyg in die politiek en die arbeidmark, in die kuns en die wetenskap, oor die radio en televisie en in die pers ... dan gee jy daarmee te kenne dat daar terreine in hierdie lewe is wat nie onder God se heerskappy staan nie!

Swyg oor God, my vriend en vriendin, en God sal vir ewig ook oor jón swyg!

"Elkeen dan wat My bely voor die mense, Hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is" (Mat. 10: 32).

Gaan jy langer swyg oor God se Naam?

Laat dit liever jou praktyk oor die gebruik van God se Naam wees:

"U Naam, o Heer, so hoog in heerlijkheid,
wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal,
wil ek verhoog in onvermoeide taal." (Ps. 145:1 — berymd)

Ben Cloete.

VLOEK en LASTER.

Kom ons wees eerlik: Baie mense gee nie om wat hulle sê nie. Dit is nie snaaks om te hoor hoedat mense in die openbaar en in gemengde geselskap vloek nie. Vloekwoorde het “modewoorde” geword. Hierdie modegier is egter tiperend van 'n mens se geloof. Dis 'n mondvul gesê. Jy stem dalk nie saam nie. Jy dink so by jouself: Hier is alweer iemand wat op 'n troontjie gaan sit om ander mense te veroordeel.

Voor jy my dus veroordeel, kom ons maak eers seker wat jy onder vloek verstaan.

WAT IS VLOEK?

Vloek beteken dat jy van kragwoorde gebruik maak om jou sterk uit te druk.

Om 'n argument te wen, val ons 'n persoon met ons woorde aan.

Ons lees in die Bybel van 'n sekere Simeï wat klaarblyklik 'n fanatieke aanhanger van Absalom was en wat Dawid gevloek het. Hy doen dit om daardeur die persoon van Dawid af te kraak, en Absalom op die voorgrond te stel. Ons lees ook van 'n persoon wat met iemand baklei het. Wat maak hy? Hy vloek!

Die mens vloek:

- omdat hy magteloos voel;
- om krag by sy argumente te voeg;
- omdat hy seergekry het;
- ag, en somer uit gewoonte.

Nou moet jy mooi luister: Om te vloek, kom daarop neer dat jy 'n krag buite die krag van God inroep, m.a.w. dat jy 'n ander naam as die Naam van die Here aanroep!

Nou !yk dit of jy dit nie heeltemal verstaan nie. Ek sê: Jy roep 'n ander naam as die Naam van die Here aan, en tog, wanneer iemand hom sterk wil uitdruk, word die Naam van God, die Naam van die Here, die Naam van Jesus en verbuigings daarvan gebruik. Soms lê die wortels van die woorde in gebed, juis in die almag van God, in die bloed en versoeningswerk van ons Here, Jesus Christus. Ek hoef seker nie al die woorde by die naam te noem nie. Ons hoor dit mos elke dag.

Hiermee beweeg die mens met sy vloekwoorde op die vlak van die lastering van God se Naam.

WAT IS LASTER?

Laster is om iemand in sy karakter te skend. Wanneer ons God Drie-enig se Name gebruik om ons sterk uit te druk, is ek besig om Hom as Persoon te skend! Die persoon wat in die bakleiery betrokke was, so lees ons, "het die Naam gelaster en gevloek" (Lev. 24:11). As nietige mens is ek besig om God Almagtig te verkleineer deur Sy Naam so ligtelik te gebruik. Dit is niks anders nie, as om te vloek en die Naam van die Here oneer aan te doen nie. Sy Naam is met Sy Wese verbonde. As ons dus vloek, dan is ons besig om die Wese van God van ons af weg te stoot.

SPIEËL VAN JOU GELOOFSLEWE.

Die ware gelowige, die mens wat die vergewing van sondes as 'n werklikheid beleef, gebruik die Naam van die Here met eerbied. Ons aanbid Hom as almagtige God en Vader.

Hy wat ons so liefgehad het, dat Hy Sy enigste Seun aan die kruis laat vasspyker het vir ons sondes, hoe kan ons Sy Naam so minagtend gebruik?

Waarom dan vloek?

Dit is mos nie nodig nie?

As gelowiges kan en mag ons dit nie doen nie.

Vloek jy? - die rooi lig skyn in jou geloofslewe. Alles is nie plus nie.

Fanie Grobler.

Mag ons SWEER?

'n Eed is niks anders as om God as getuie in te roep nie. Hy is alomteenwoordig en alwetend.

Hy verstaan van ver ons gedagte en is met al ons weë goed bekend (Ps. 139).

Om 'n eed te sweer, beteken om Hom as getuie in te roep vir die waarheid van ons woorde. Wanneer iemand om elke hoek en draai met 'n eed sweer, word God se eer en heiligheid aangetas.

Wanneer iemand vals sweer, is dit growwe Godslastering.

God word uitgedaag om my oor my leuens te straf.

Jy wat vals sweer, speel met die majesteit van die heilige God.

Nou sê party mense: Ons mag glad nie sweer nie, want Jesus het gesê: "Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: sweer hoegenaamd nie - nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Maar laat julle ja, ja, wees en julle nee, nee. Wat meer as dit is, is uit die bose" (Mat. 5:33-37 en Jakobus 5:12).

As ons die verse mooi verstaan, word dit vir ons duidelik presies wat daarmee bedoel word. Jesus spreek Hom veral uit teenoor die ou Joodse tradisies van die skrifgeleerdes. Hulle het gesê: As jy iets by die Here sweer, moet dit absoluut waar wees. As jy 'n eed wil sweer wat jou nie verbind nie, doen jy dit deur te sweer by die hemel, of die aarde, of Jerusalem, of jou eie hoof.

Jesus dui nou aan dat jy met so 'n eed die Here ligtelik inroep, want alles behoort aan Hom.

Hy sê dus nie dat ons glad nie mag sweer nie. Hy waarsku ons teen die ligtelike sweer van 'n eed. Die woorde: "Maar laat julle ja, ja wees en julle nee, nee. Wat meer as dit is, is uit die bose" moet volgens die oorspronklike Grieks waarin die Nuwe Testament geskryf is, eintlik lees: "Wat meer as dit is, is omdat daar boosheid is."

Dus, omdat daar leuen en valsheid in die wêreld is, moet daar by die ja en nee soms nog 'n eed bykom, maar vir die kind van God geld steeds: As jy moet sweer, moet dit met heilige erns en absolute waaragtigheid wees.

So het Jesus gesweer: Matteus 26:63-64. "Toe sê die hoëpriester vir Hom: 'Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?' Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê."

Flip Buys.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.